

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

Saak Nr. 2835/2006

In die saak tussen:

GRIEKWALAND WES KORPORATIEF BEPERK

Applikant

en

STOCK OWNERS KOÖPERATIEF BEPERK
(IN LIKWIDASIE)

1ste Respondent

HERMANUS WILHELMUS WESSELS

2de Respondent

HERMANUS WILHELMUS WESSELS N.O.

3de Respondent

KIM WESSELS N.O.

4de Respondent

BOSCH VALLEY FARMS (PTY) LTD

5de Respondent

UITSPRAAK:

VAN DER MERWE, R

AANGEHOOR OP:

27 JULIE 2006

GELEWER OP:

10 AUGUSTUS 2006

- [1] In hierdie aansoek vra die applikant verlof om as die derde respondent gevoeg te word tot aansoek nommer 1846/2006 in hierdie hof (“die hoofaansoek”). Die applikant se aansoek word nie teengestaan nie.

- [2] Die eerste respondent is die applikant in die hoofaansoek en die tweede en derde respondente is die huidige respondente in die hoofaansoek. In die hoofaansoek vra die eerste respondent 'n bevel dat sy beweerdde statutêre pandreg ingevolge die bepalings van artikel 173 van die Koöperasiewet, no. 91 van 1981 sogenaamd geperfekteer word deur die beslaglegging van 236 beeste in die besit van die derde respondent. 'n Interim bevel tot daardie effek is verleen. Die eerste respondent beweert verder in die hoofaansoek dat die gemelde beeste die eiendom is van die tweede respondent maar dat dit in die besit is van die derde respondent kragtens 'n huurkontrak ten aansien van die beeste aangegaan tussen die tweede respondent en die derde respondent.
- [3] In die stawende beëdigde verklaring namens die applikant in hierdie aansoek, word geen melding gemaak van enige aanspraak van die applikant op enige reg op die betrokke beeste nie. Wat wel gemeld word is dat die applikant 'n krediteur is van die tweede respondent uit hoofde daarvan

dat die tweede respondent hom skriftelik as borg teenoor die applikant verbind het vir die nakoming van die verpligtinge van die Parkhurst Beef Trust IT192/1996, Parkhurst Enterprises (Edms) Beperk en die Hawee Wessels Trust TMP1618. Dit word verder vermeld dat die applikant nie saamstem met die bewering in die hoofaansoek dat die Hawee Wessels Trust en die Parkhurst Beef Trust elk bloot 'n *alter ego* van die tweede respondent is nie en dat dit daarom van die grootste belang is om te bepaal wie die eienaar van die betrokke beeste is. Namens die applikant is verder beweer dat indien die hoofaansoek toegestaan sou word, die betrokke beeste te gelde gemaak sal word slegs tot voordeel van die eerste respondent en dat ander skuldeisers van die tweede respondent, insluitende die applikant, gevolglik nie in die opbrengs daarvan sal kan deel nie. Die applikant voer derhalwe aan dat die toestaan van die aangevraagde bevel in die hoofaansoek 'n "onmiddellike negatiewe effek" op die applikant sal hê. Kortom, die applikant wil probeer verhoed dat die eerste respondent in die hoofaansoek slaag, omdat die applikant meen dat dit

hom finansieel sal benadeel.

[4] Hofreël 6(14) het die bepalings van Hofreël 12 van toepassing gemaak op aansoeke. Hofreël 12 bepaal soos volg:

“Iemand wat geregtig is om as mede-eiser op te tree of blootstaan aan voeging as verweerder in ‘n aksie, kan na kennisgewing aan alle partye in enige stadium van die verrigtinge aansoek doen om verlof om as ‘n eiser of ‘n verweerder toe te tree. Die hof kan op so ‘n aansoek na goeiddunke ‘n bevel gee, ook wat koste betref, en die verdere prosedure van die aksie voorskryf.”

[5] Ek aanvaar dat ‘n eiser of applikant wat voldoen aan die bepalings van Hofreël 10(1), iemand is wat geregtig is om as mede-eiser of mede-applikant op te tree soos bedoel in Hofreël 12. Sien **VITORAKIS v WOLF** 1973 (3) SA 928 (W) op 930 B – 931 E. Hierdie grondslag vir toetrede is egter nie hier van toepassing nie, aangesien dit duidelik is dat die applikant nie voornemens is om in die hoofaansoek enige eis of vordering in te stel of af te dwing teen enige van die partye tot die hoofaansoek nie.

[6] Na my oordeel is slegs ‘n party wat ‘n direkte en wesenlike

belang in 'n geding het, iemand wat blootstaan aan voeging as verweerder in 'n aksie of respondent in 'n aansoek soos bedoel in Hofreël 12. Sien **UNITED WATCH & DIAMOND CO (PTY) LTD AND OTHERS v DISA HOTELS LTD AND ANOTHER** 1972 (4) SA 409 (K) op 416 A – C. In die beslissing van **HENRI VILJOEN (PTY) LTD v AWERBUCH BROTHERS** 1953 (2) SA 151 (O), 'n volbank-beslissing van hierdie Hof, is 'n volledige ondersoek gedoen en bevinding gemaak aangaande wat sodanige direkte en wesenlike belang in 'n geding of die uitslag daarvan beteken en behels. Hierdie beslissing is nagevolg in talle beslissings. Sien byvoorbeeld **AQUATUR TOUR (PTY) LTD v SACKS AND OTHERS** 1989 (1) SA 56 (A) 62 A – G. Sodanige direkte en wesenlike belang is 'n regsbelang (“legal interest”) in die reg wat die onderwerp vorm van die litigasie en welke belang nadelig deur die uitspraak geraak kan word, maar nie 'n blote finansiële of kommersiële belang nie aangesien dit slegs 'n indirekte belang in die litigasie is. Gevolglik is ook daarop gewys dat 'n onderhuurder geen regsbelang het in 'n aksie ingestel deur die verhuurder teen die huurder nie,

ondanks die feit dat die onderhuurder 'n baie substansiële finansiële of kommersiële belang mag hê wat nadelig deur die uitspraak geraak mag word. Sien **HENRI VILJOEN (PTY) LTD v AWERBUCH BROTHERS**, *supra* op 167 D – H, 169 H en 170 H. Sien ook **BRAUER v CAPE LIQUOR LICENSING BOARD** 1953 (3) SA 752 (K) op 760.

[7] In die onderhawige geval het die applikant na my oordeel geen regsbelang in die reg wat die onderwerp vorm van die hoofaansoek nie, te wete die beweerde statutêre pandreg oor beeste in besit van die derde respondent. Na my oordeel het die applikant duidelik slegs 'n finansiële of kommersiële belang wat alhoewel dit substansiëel mag wees, slegs 'n indirekte belang is.

[8] Gevolglik word die aansoek van die hand gewys.

C.H.G. VAN DER MERWE, R

Namens die applikant:

Adv. F.W.A. Danzfuss SC

In opdrag van:

Schoeman Maree Ingelyf

BLOEMFONTEIN

/em